

GRAAD 7 TEGNOLOGIE



Tegnologie-onderwys is in die Suid-Afrikaanse kurrikulum opgeneem uit erkenning van die behoefte om ingenieurs, tegnisi en vakmanne te produseer wat nodig is in die moderne samelewing asook om die behoefte om 'n tegnologies geletterde bevolking vir die moderne wêreld te ontwikkel. Die onderwerp stimuleer leerders om innoverend te wees en ontwikkel hul kreatiewe en kritiese denkvaardighede. Dit leer hulle tyd en materiële hulpbronne effektief te bestuur, bied geleenthede vir samewerkende leer en koester groepswerk. Hierdie vaardighede bied 'n stewige fondament vir 'n aantal VOO-vakke sowel as vir die wêreld van werk.

Tegnologie in die opvoedkundige konteks, kan gedefinieer word as:

Die gebruik van kennis, vaardighede, waardes en hulpbronne om aan mense se behoeftes en begeertes te voldoen deur die ontwikkeling van praktiese oplossings vir probleme, deur sosiale en omgewingsfaktore in ag te neem.

SPESIFIEKE DOELWITTE

Tegnologie as 'n vak dra by tot leerders se tegnologiese geletterdheid deur hulle geleenthede te bied om:

- Spesifieke ontwerpvaardighede om tegnologiese probleme op te los, te ontwikkel en toe te pas.
- Die begrippe en kennis wat in Tegnologie-onderwys gebruik word te verstaan en om hulle verantwoordelik en doelgerig te gebruik.
- Die interaksie tussen mense se waardes en houdings, tegnologie, die samelewing en die omgewing te waardeer.

Die bedoeling is om leerders bekend te stel aan die basiese beginsels wat nodig is in Siviele Tegnologie, Meganiese Tegnologie, Elektriese Tegnologie en Ingenieursgrafika en Ontwerp. Daarbenewens kry leerders 'n idee van die manier waarop ingenieurs wetenskaplike beginsels op praktiese probleme toe pas. Daarbenewens, sal evalueringsvaardighede bevorder word en sal die bekendstelling van produk ontwerp en produksie nuttig wees in ander VOO-vakke wat gebruik maak van hierdie vaardighede - soos Verbruikerstudies en Ontwerp.

UNIEKE KENMERKE EN OMVANG

Tegnologie sal leerders onderrig vir die geleentheid om te leer:

- Om probleme op kreatiewe maniere op te los;
- Om outentieke kontekste gewortel in werklike situasies buite die klaskamer te gebruik;
- Om dink en doen op 'n manier te kombineer sodat dit abstrakte begrippe met konkrete begrippe verbind;
- Om bestaande produkte en prosesse te evalueer; en om hul eie produkte te evalueer;
- Om op 'n doelgerigte manier kennis te gebruik en te betrek;
- Om met inklusiwiteit, menseregte, sosiale en omgewingskwessies in hul take om te gaan;
- Om 'n verskeidenheid van lewensvaardighede in outentieke kontekste (soos besluitneming, kritiese en kreatiewe denke, samewerking, probleemoplossing en behoefte identifikasie) te gebruik;
- Terwyl positiewe houdings, persepsies en aspirasies ten opsigte van tegnologiegebaseerde loopbane geskep word. -Om met ander saam te werk:
- Deur praktiese projekte 'n verskeidenheid tegnologiese vaardighede (ondersoek, ontwerp, maak, evalueer en kommunikeer) wat by verskillende leerstyle pas, te gebruik.